BEELD
28 Mar 2013, p.25

Evolusie laat jou te veel geld bestee

Lourensa Eckard

Dit maak nie saak hoeveel geld jy verdien nie, daar is baie mense wat sal seker maak dat jy dit alles uitgee.

So sê Simon Dingle van 22seven, 'n maatskappy wat monitor hoe mense hul geld uitgee.

Dingle se span is besig om interessante inligting oor Suid-Afrikaners se bestedingspatrone bymekaar te maak.

"Van ons kliënte sal vind dat hulle steeds al hul geld uitgee, al is dit net nadat hulle 'n groot verhoging gekry het.

"Dit het met evolusie te doen," het Dingle gesê.

Tot relatief onlangs in die mensdom se geskiedenis was hulpbronne, veral kos, skaars.

"Ons moes leer om kos bymekaar te maak sodat daar genoeg sal wees in die kouer maande of wanneer 'n natuurramp ons tref. Geld maak ons deurmekaar, want dit is 'n abstrakte konsep. Ons gee dit vinnig uit omdat ons dit so gou moontlik in iets bruikbaars wil omskep."

Dit is juis weens geld se abstrakte aard dat mense dit moeilik vind om dit te spaar.

Selfs om kennis daarvan te hê, is te min om mense te ontmoedig om skuld aan te gaan.

"Bemarkers weet presies watter knoppies om te druk. Daar word vir ons 'n prentjie geskets van 'n werklikheid wat vir ons wag sodra ons 'n bepaalde produk koop."